# DIGVORME

## 1. TEORIE



Die *vorm* van die teks kry by gedigte heelwat aandag. Tot die *vorm* behoort onder andere klank, rymskemas, tradisionele stylfigure soos die enjambement, strofes, beeldspraak, metrum, ritme en tipografie. Dit is egter nie noodsaaklik dat al hierdie elemente in ’n gedig gevind kan word nie. ’n Gedig hoe nie te rym nie, dit hoef nie ’n vaste metrum of rymskema te hê om ’n gedig te wees nie.

Die gedig word dikwels onderskei van prosa, omdat gedigte tradisioneel in versvorm geskryf word en dus nie ’n deurlopende verhaallyn het nie. Daar is egter wel sogenaamde prosagedigte en sommige gedigte het ook stukke prosateks. In die algemeen is poësie as genre daarom moeilik om te definieer en af te baken.

Ook oor die inhoud van gedigte is daar min wat in die algemeen gesê kan word. ’n Gedig kan emosies, toestande, gebeurtenisse, prosesse, idees, waarnemings, taal ens. oproep, beskryf, bevat en’of problematiseer. Die inhoud is in elk geval irrelevant om te bepaal of ’n taalteks ’n gedig is. Daar kan wel vasgestel word watter soort gedig ter sprake is.

Tog is dit duidelik dat digkuns wel ’n woordkunswerk is.

Die lengte van gedigte varieer: daar is gedigte wat slegs uit 1 woord bestaan, maar daar bestaan ook gedigte van honderde bladsye lank.

Sommige gedigte maak deel uit van ’n siklus.

Die skrywer van ’n gedig word ’n digter genoem. Daar moet duidelik onderskei word tussen die skrywer/digter en die spreker in die gedig.

Verder kan onderskei word tussen die volgende elemente van gedigte: genre, titel en tema, atmosfeer en gevoelens, klankherhaling (alliterasie en assonansie, rym en ritme), klanknabootsing, verskillende soorte beeldspraak (vergelyking, metafoor en personifikasie).


Aanvullende leesstof en voorbeelde is verkrygbaar by

- http://nl.wikipedia.org/wiki/Gedicht
- http://en.wikipedia.org/wiki/Category:Poetic_form.

In hierdie afdeling word die volgende soorte maklike gedigvorme behandel, met voorbeelde by elk:

- Akrostigon
- Haiku
- Senryu
- Tanka
- Renga
- Cinquin
- Lantern
- Diamantes
- Limeriek
- Pantoen
- Kwatryn
- Snelsonnet
- Afrika wense
- Verjaarsdagwense
- Pryslied
- Vrye vers
- Vormverse
- Ballade

## 2. TOEPASSING: Verduideliking en voorbeelde



### 2.1 AKROSTIGON (Naampoësie)

- Die letters van ‘n naam word gebruik om versreëls te vorm. Hierdie gediggies is oënskynlik sinloos, maar verwoord tog op ’n spelerige manier gedagtes wat in ‘n dinkskrum kan ontstaan.
- Dit is ’n soort sintese-oefening wat volg op die ontleding van gedagtes, gevoelens, ervarings, waarnemings.
- As dit nie eerste nie, maar die middelste letters is wat beklemtoon word, word dit ‘n *mesostigon* genoem.
- ’n Prettige oefening is om in pare te werk en dan moet elke persoon sy/haar naam skryf en so ook waar hy/sy graag sou wou wees en waarom. Daarna skryf die ander persoon ’n wens vir die eerste persoon in die vorm van sy/haar naam.

**Voorbeelde:**

| | | |
|---|---|---|
| estelleke het geskryf dat sy graag op 'n glyplank sou wees omdat dit haar laat jonk voel en vryheid ervaar:<br><br>Estelle, mag jy<br>Sewe glyplanke kry<br>Tot<br>Elke<br>Ledemaat van jou<br>Lekker rillings van vryheid<br>Ervaar | martie het geskryf dat sy graag Tafelberg sou wou uitklim omdat sy daar vry voel:<br><br>Martie, mag jy<br>Altyd<br>Ruimte en baie<br>Tyd kry om<br>In die hoogtes 'n<br>Ervaring van vryheid te hê | **Die naam RAPONSIE:**<br><br>Raponsie, Raponsie<br>Agter jou<br>Pantene-mure<br>O wee!<br>Nou waar is die gaatjie in jou borrel?<br>Sê my, waar?<br>In die boom?<br>Êrens, êrens moet ek soek vir die chemiese stroom. |

## 2.2 HAIKU

3 reëls, geen vaste rym of ritme nie
Vaste vorm met 17 klankgrepe: 5 – 7 – 5
Inhoud het gewoonlik iets met die natuur te doen, impressionistiese waarneming, indrukke eerder as beskrywing.

**Voorbeelde:**

| | | |
|---|---|---|
| Loop in die reën<br>kaalvoet oor die bergklippe<br>en paddastoeltjies<br>(C. Strand)<br><br>Tyd, ons goeie fee<br>verander traan in glimlag.<br>Tikke-tak, tik tak ...<br>(M. Langeveld)<br><br>Bid vir my 'n blaai<br>want my pen reik nog verder<br>as woord in my mond<br>(Ester) | Stil en ver duine<br>eindelose eggo's wat<br>doofstom wonder … wag<br><br>Branders bars en breek<br>donderende skuim, pienkwit<br>klieker mossels uit<br><br>blink perlemoen glim<br>wit skip wuif op horison<br>vaar eindeloos voort<br><br>geroeste yster<br>gesketter deur storm en klip<br>pienk seewier wapper<br>(estelleke) | Gedagtes in 'n<br>kleipot vasgevang; stommer<br>gepleit en geplet<br>(Digter onbekend)<br><br>My tralies is my<br>woordeboeke en my slot:<br>die sleutel jou blik<br>(Ester) |

## 2.3 SENRYU

Die senryu het dieselfde formaat as die haiku, maar die <u>inhoud</u> is verskillend.

Waar die haiku handel oor die natuur, is die senryu se onderwerp 'n mens of mense. Dikwels is hier ook 'n ekstra element, naamlik 'n deernis – 'n soort humor wat 'n lag met 'n traan kan wees.

Die struktuur/vorm:

3 reëls, geen rym of ritme nie
Vaste vorm met 17 klankgrepe: 5 – 7 – 5

**Voorbeelde:**

| 'n Senryu vir my ma: | 'n Senryu vir my kinders: | 'n Senryu vir my kleinkinders: |
|---|---|---|
| 'n wit aronskelk<br>na woedende weer en wind<br>fier, regop: vaarwel<br>(estelleke) | met vlindervlerke<br>duik julle diep in my hart<br>sterliewelinge<br>(estelleke) | diewe steel my hart<br>net toe ek hulle kon vang<br>sien ek dis julle<br>(estelleke) |

## 2.4 TANKA

'n Uitgebreide haiku
5 rymlose reëls
31 klankgrepe: 5 – 7 – 5 – 7 – 7

**Voorbeelde:**

| | | |
|---|---|---|
| Spierwit bergpieke<br>rivierwater verys koud<br>sneeu op grou rotse<br>bome is oral gevries<br>witste skitterende sneeu<br>(Digter onbekend)<br><br>Die palet verkleur<br>as die herfswind begin waai<br>geel, oranje, bruin<br>die kleure van die blare<br>val stadig van die bome af<br>(Digter onbekend) | **Argentinië**<br>Miskien roep jy my<br>as jy so eindeloos huil,<br>met jou voet fluister<br>saam met die musiek se<br>dans<br>wat grypend om my lyf vou<br>(Andries Olivier)<br><br>Braambessieplukker<br>in ekstase vreugdevol<br>hoe naiëf jou vrug<br>jou vreugde vervat<br>in jou kort seer vir ander<br>(André Müller) | Hierdie jaar kweek ek<br>tulpe, ander bolplante<br>op spierwit klippers<br>om te bid, afskeid te neem<br>van my Bolandse vriende<br>(estelleke) |

## 2.5 RENGA (Digtersdans)

'n Samewerkingsgedig: 2 tot 4 mense nodig vir dié digtersdans. Die patroon word herhaal solank as wat die digters wil.

- haiku as begin (5 - 7 – 5 klankgrepe)
- word tanka (+ 7 + 7 klankgrepe)

**Voorbeelde:**

| | | |
|---|---|---|
| #1 | bliksemstrale skiet<br>seemeeue in fladdervlug<br>donderweer sidder | (estelleke) |
| | reën dreun neer op teer gemoed<br>in klakkelose weersin | (André) |
| #2 | ‘n Ystervrou knak<br>skarniere roes, kort olie,<br>voete steeds van klei. | (estelleke) |
| | Hier waai ‘n soel wind; kruisbeen<br>wag die orakel: magies | (André) |

| **André se haiku:** | **estelleke se haiku:** |
|---|---|
| suutjies op sokkies<br>skielike geur van jasmyn<br>waar die stilte sing | die takke hang swaar<br>gelouter deur die storm<br>wagtend vir die wind |
| **Renga 1** | **Renga 2** |
| die geur van jasmyn<br>gly met sokkies op die wind<br>hoog in die takke<br>waar die loutering wag vir<br>nog ‘n naderende storm | takke hang swaar: wag<br>vir die loutering van wind<br>woedend, siedend: storm<br>skielik die geur van jasmyn<br>stilte, suutjies op sokkies |

## 2.6 CINQUIN (word ook ELFIE genoem a.g.v. elf woorde)

5 rymlose reëls, 22 klankgrepe:
reël 1: 2 klankgrepe, OF een woord wat die titel verskaf;
reël 2: 4 klankgrepe, OF 2 woorde wat beskryf;
reël 3: 6 klankgrepe, OF 3 woorde wat aksie weergee;
reël 4: 8 klankgrepe, OF 4 woorde wat gevoel weergee;
reël 5: 2 klankgrepe, OF ‘n ander woord vir die titel.

**Voorbeelde:**

| | |
|---|---|
| Cornflakes<br>oop geel bloeisels<br>dryf saamgedrom in melk<br>rustig, wagtend op hul roeping:<br>ontbyt<br>(Alida van der Merwe) | Varkjag<br>geesdriftige<br>duik, bollemakiesie, nael<br>desperaat, vasberade, moeg<br>moles<br>(Beverley Mahana) |
| Jasmyn<br>witpienke broos<br>bloesend, fyne krag<br>innig en tevrede reinheid<br>sierplant<br>(Elzana du Toit) | spaans<br>mexikaans vermom<br>blou brand berg<br>praat self met prent<br>kahlo<br>(Andries Olivier) |

## 2.7 Lantern

Soortgelyk aan die cinquin.

Vorm lyk soos 'n Japannese lantern.
Klankgrepe ingedeel in 1-2-3-4-1
Elke reël kan opsigself staan.
Soms is daar 'n titel wat as opsomming in die sesde reël staan.

**Voorbeelde** (vertaal en aangepas):

| | |
|---|---|
| by<br>die stroom<br>enkel-vlak<br>treur 'n wilger<br>sag<br><br>(Brian Strand) | klein<br>verdwaal<br>sagte mis<br>in September<br>vroeg<br>'n voëlgesang<br><br>(Brian Strand) |

## 2.8 DIAMANTES

7 rymlose versreëls
Die eerste en laaste selfstandige naamwoorde kan teenoorgesteldes wees, of op een of ander manier met mekaar verband hou (sinoniem of antoniem).
Die woorde tussenin kan bou op die verskille en die onderliggende verbande.

**Spesifieke woordsoorte**:

s.nw
b.nw b.nw
ww . ww. ww.
verlede deelw. verlede deelw. verlede deelw. verlede deelw.
ww. ww. ww.
b.nw b.nw
s.nw

**Voorbeelde:**

| | |
|---|---|
| Koperboom<br>grof geskud<br>borrel worstel skiet<br>bloeiend soekend loerend voelend<br>vind rus stil<br>alleen gedaan<br>mens<br>(Renate Wessels) | grot<br>toegeval toegegroei<br>versmoor verlang vergaan<br>soekend vraend roepend smagtend<br>vergewe vergeet begrawe<br>moeg verslae<br>klag<br>(estelleke) |
| **Sondagkrale**<br>koffieshop<br>gekunsteld onopgesmuk<br>redeneer konstrueer dartel<br>ondersoekend verlangend uitdagend vervangend<br>kantel wankel wandel<br>selfstandig afhanklik<br>teë-tempel<br>(André Müller) | |

## 2.9 LIMERIEK

'n Humoristiese versie met vyf reëls.

Spesifieke VORM, RYM en RITME.
Dit spot met ‘n plek of ‘n persoon.
Speel met woorde en betekenisse.
Daar’s ‘n grappie in die laaste reël.

<u>Rympatroon:</u> aabba

Die Afrikaanse skrywer wat as die **limeriek-koning** bekend staan, is Philip de Vos. Hy sê as dit nie presies pas in die spesifieke vorm nie, is dit bloot ‘n lawwe versie (Hy noem dit spesifiek ’n limerick). Sy voorbeelde:

Daar's vyf reëls in 'n limerick:
Hul's snaaks of stout, of effens siek.
    Hul het iets om die lyf
    En die angel in vyf
Is die fyn draai van die briek

| Vorm: | Ritme: |
|---|---|
| 'n Tannie woonagtig in Bloem | taTAM tataTAM tataTAM |
| Was bang toe 'n by om haar zoem. | taTAM tataTAM tataTAM |
| Toe slaan sy hom plat | taTAM tataTAM |
| Dat heuning so spat | taTAM tataTAM |
| En spuit hom glo poegaai met Doom. | taTAM tataTAM tataTAM |

**Voorbeelde:**

| Gebaseer op ‘n ekologiese spotprent: | Gebaseer op die sprokie “Rooikappie”: |
|---|---|
| 'n Jagter van Groot Buffelsbaai | ’n Girl met ’n rooie punthoed |
| Het stadig sy skietgoed gelaai | het gou besef als is nie goed |
| Toe trek iets hom plat | Sy slaan met die kolf |
| Sy koeëls het gespat | en plat is ou Wolf |
| En nou kan ons almal net raai … | En nou is ons meisies meer soet |
| (estelleke) | (estelleke) |

## 2.10 PANTOEN

12 reëls in 3 strofes met vaste vers- en reëlformaat.
Rym is opsioneel.
Opskrif is opsioneel.

| Strofe 1: | Strofe 2: | | Strofe 3: | |
|---|---|---|---|---|
| Reël 1 Nuut | Reël 5 | Herhaal reël 2 in strofe 1 | Reël 9 | Herhaal reël 2 van strofe 2 |
| Reël 2 Nuut | Reël 6 | Nuwe reël | Reël 10 | Herhaal reël 3 van strofe 1 |
| Reël 3 Nuut | Reël 7 | Herhaal reël 4 in strofe 1 | Reël 11 | Herhaal reël 4 van strofe 2 |
| Reël 4 Nuut | Reël 8 | Nuwe reël | Reël 12 | Herhaal reël 1 van strofe 1 |

**Voorbeelde:**

| **Versteekte woorde** | |
|---|---|
| | hierdie is my hemel, my stukkie grond: |

<table>
<tr>
<td>hou op lees:<br>en krap in die sand…<br>die soet basiliekruid -<br>vars in jou hand<br><br>en krap in die sand…<br>‘n knippie sout;<br>vars in jou hand<br>‘n spoeldiamant<br><br>‘n knippie sout;<br>die soet basiliekruid –<br>‘n spoeldiamant<br>hou op lees:<br>(André Müller)</td>
<td>saffiere, smarag, blou doudruppels<br>purper strale val oor die berge<br>die nagtegaal se sang: eindeloos, weemoedig<br><br>saffiere, smarag, blou doudruppels<br>‘n winterlandskap in wolke opgesluit<br>die nagtegaal se sang: eindeloos, weemoedig<br>lig in die donker – dagbreek kom<br><br>‘n winterlandskap in wolke opgesluit<br>purper strale val oor die berge<br>lig in die donker – dagbreek kom<br>hierdie is my hemel, my stukkie grond<br>(Elizabeth Punt)</td>
</tr>
<tr>
<td>Langafstrand<br><br>Anderkant die horison:<br>Waar die see die strand ontmoet,<br>Trek die gety nou terug;<br>En in rotspoele krioel die lewe<br><br>Waar die see die strand ontmoet,<br>Daar spoel die seeslakkies uit –<br>En in rotspoele krioel die lewe<br>Soggens en saans teen ’n verre kus<br><br>Daar spoel die seeslakkies uit –<br>Trek die gety nou terug;<br>Soggens en saans teen ’n verre kus<br>Anderkant die horison:<br>(André Müller)</td>
<td><br><br>die stap teen die berg op is altyd die moeite werd<br>klippetieklap, klippetieklap<br>by die stalle hyg ek na my asem<br>die swart hings runnik hardop<br><br>klippetieklap, klippetieklap<br>die wind in my hare jaag my hartklop<br>die swart hings runnik hardop<br>sy spiere span styf oor sy liggaam<br><br>die wind in my hare jaag my hardklop<br>by die stalle hyg ek na my asem<br>sy spiere span styf oor sy liggaam<br>die stap teen die berg op is altyd die moeite werd<br>(Charmé Agenbag)</td>
</tr>
<tr>
<td colspan="2">Rooi<br>teen die hange van die berg waar stekelrige fynbos nou-nog groei<br>hoor ek weer die klank van die brand toe dit naby was; die son was rooi en die vensterbanke vol roet<br>op die stoep waar ons gespeel het op die groen mat met sonpatrone oor alles<br>in ‘n tyd vol haasbek-herinneringe en yslekkers taai om die mond<br><br>hoor ek weer die klank van die brand toe dit naby was; die son was rooi en die vensterbanke vol roet<br>ag, seerkry was skielik en sommer simpel soos kaalvoet op ’n bloublasie trap of ’n oop, teer knie<br>in ‘n tyd vol haasbek-herinneringe en yslekkers taai om die mond<br>en die reuk van ryp koejawels wat swaar hang in die lug en soet<br><br>ag, seerkry was skielik en sommer simpel soos kaalvoet op ’n bloublasie trap of ’n oop, teer knie<br>op die stoep waar ons gespeel het op die groen mat met sonpatrone oor alles<br>en die reuk van ryp koejawels wat swaar hang in die lug en soet<br>teen die hange van die berg waar stekelrige fynbos nou-nog groei<br>(André Müller)</td>
</tr>
</table>

## 2.11 KWATRYN

‘n Kwatryn is ‘n gedig met vier versreëls. Die rympatroon daarvan kan wissel van enige van die volgende:

- abba omarmende rym

- aabb paarrym
- abab kruisrym
- abac gebroke rym

Die **Persiese kwatryn** is ‘n spesifieke digvorm met die volgende eienskappe:

- Dit het gewoonlik ‘n rymskema van aaba (gebroke rym);
- Die eerste deel bestaan uit ‘n stelling of ‘n waarneming wat beskryf word;
- Na die waarneming volg daar ‘n wending wat ‘n kontras in die laaste deel inlei;
- Die laaste deel vorm ‘n spesifieke siening/insig oor die lewe en die dood;
- Daar word van enjambement gebruik gemaak;
- Die Persiese kwatryn is bekend daarvoor dat dit met min woorde baie sê.

**Voorbeeld:**

| | |
|---|---|
| **Kwatryne**<br><br>Agter die skerms, lank reeds gegrimeer<br>aanskou ek die verhoog se glas en kleur<br>en wag dat U my toelaat om oplaas<br>my rol te gaan vertolk, O Regisseur<br><br>As daar applous was vir die laaste maal<br>en U die décor moeg na onder haal,<br>sal U vir ons wat ons kostuums uittrek<br>volgens ons moeite en geduld betaal?<br><br>In hierdie klug vergeet soms ‘n akteur<br>heel onverwags sy reëls en loer versteur<br>na die coulisses links en regs<br>maar geen souffleur se stem dring tot hom deur<br><br>Ofskoon die saal se ligte nie meer brand<br>vra menigeen aan die verhoog se kant<br>nog steeds: Is ek van hierdie klug die held<br>of teen die agterdoek ‘n figurant?<br>(Ina Rousseau) | décor = versierings om die agtergrond voor te stel<br><br>coulisses = beweegbare syskerms op ‘n verhoog<br><br>figurant = iemand op agtergrond met ‘n rol sonder woorde |

## 2.12 SNELSONNET

Om ‘n snelsonnet te wees, moet die gedig voldoen aan hierdie volgende kriteria:

- Dit bestaan altyd uit een kwatryn (4 reëls), gevolg deur ‘n koeplet (2 reëls).
- As metrum dien die vyfvoetige jambe (10 klankgrepe, afwisselend onbeklemtoon en beklemtoon).
- Die rym van die kwatryn 'omarmend' (rymskema: A-B-B-A).
- De reëls van die koeplet rym met mekaar (rymskema: C-C) maar nooit met één van die klanke wat reeds as eindrym in die kwatryn gebruik is nie.
- Na die laaste sin van die kwatryn volg ‘n stilte, sodanig dat die koeplet die stelling in die kwatryn relativeer.

**Voorbeelde:**

| Probeer is die beste geweer | Sabbatsjaar |
|---|---|
| Met moedersmelk, op skool en vadersknie<br>het ek geleer wat vorm jou murg en bloed:<br>staan vas, hou uit, hou aan, geduld en moed.<br>Geen vraag of dit aanwesig was of nie …<br><br>Ek hoop die 'pledge' van reënboognasieland<br>bring meer as mag, korrupsie, sent en rand.<br><br>(estelleke) | Na ploeg by kwasi-akademici<br>kom handskoenjubelnuus en nuwe lus.<br>Swoeg sewe jaar hierna en snak na blus:<br>wie leer? wie onderrig? nie seker nie …<br><br>Die oes word ryp vir goue akkerblaar:<br>die rus is elders, dalk nóg hier nóg daar.<br><br>(estelleke) |

## 2.13 AFRIKA SEËNWENSE

Hierdie kort wense in eenlyn-versvorm is geskep deur estelleke (200) terwyl sy in die Boland gewoon het. Hier het sy bewus geraak van die gesprek tussen die natuur en haar eie lewe. Sy is geïnspireer deur Ierse wense en die Engels-Ierse digters en filosowe John O'Donohue en David Whyte.

Hieronder is wat sy sê oor die proses:

- Stap in die natuur en wees bewus van alles rondom jou.
- Skryf neer wat jy sien, hoor, ruik en aanraak. Wees bewus van jou gevoelens.
- Reflekteer oor jou lewe.
- Leef poëties en kombineer hierdie element van die natuur met 'n wysheid wat jy ontdek het in jou lewe. Dit kan ook 'n oplossing van 'n konflik in jouself of die natuur wees.

**Voorbeelde:**

- Mag 'n wolk voor die son inskuif as jy warm kry en jy die goud in die dou raaksien as jy honger is;
- Mag die wind met jou tiekiedraai om die spinnerakke in jou kop weg te waai;
- Mag die voëls jou laat twyfel of jy alleen is;
- Mag die fynbosblomme weerspieël hoe uniek jy is;
- Mag die bome jou uitnooi om jou hande na bo uit te strek;
- Mag die berge jou herinner daaraan dat die genade groter as die gebrokenheid is;
- Mag die see jou laat weet dat jy skoon gespoel kan word;
- Mag die sneeu op die pieke jou help om jou oë boontoe te wend en al die dieptes en rykdom wat jy is, te omhels;
- Mag die wolke wat skuimend oor die berge aanrol jou laat wonder of dit werklik elders mooiweer en warm is;
- Mag jy 'n nuwe naam kry as 'n ster bokant jou kop verskiet en dit jou hoop gee te midde van vervlietende teenwoordigheid;
- Mag jou tred stewiger, dog ligter word as jy laatmiddag skugter stap op die strand en jou vermoede bevestig word dat daar vir jou 'n plekkie is onder die son;
- Mag elke rob wat hulpeloos of vrywillig uitspoel jou gewetenloos laat verlang na jou vryheid;
- Mag jy genoeg skulpies optel wat jou aanmoedig om uit jou dop te kruip;
- Mag 'n slakkie jou uit die doolhof van magtelose paadjies lei as jy daarin verdwaal;
- Mag die volmaan wat desnieteenstaande alles oor die berg opkom vol belofte knipoog en jou verwelkom.

(estelleke)

## 2.14 VERJAARSDAGWENSE OP FACEBOOK

Die volgende kort Facebook-gedigte is geskep deur André Müller (2008) in Stellenbosch. Hier is wat hy daaroor te sê het om jong digters aan te moedig:

**Hoekom?** Want die cliché "Happy B-day!!!" en "Geluk met jou verjaarsdag" voeg nie waarde toe tot die leser of die skrywer se lewens nie.

**Wat?** Dit is verwysings na enige soort gedeelde herinnering, 'n Facebook-foto of 'n verbeelding van die huidige lewe van die ontvanger (gewoontes, uitdagings, die weer of die plek). Dit kan 'n wens wees, 'n eenvoudige rympie, 'n haiku of 'n akrostigon (naamgedig).

**Hoe?** 'n Goeie begin is "Mag jou dag ...", maar daar is nie regtig reëls nie. Laat jou herinnering aan die persoon jou lei.

**Leef poëties:** Skryf 'n eerste poging, neem 'n sluk koffie en laat die woorde speel in jou gedagtes. Skep iets kort, iets treffend.

**Voorbeelde:**

- Mag 'n neongroen balon haar tou om jou vinger span en sagkens knoop vandag sodat oral waar jy loop jy 'n bundel lug kan lees in die wind en onthou van malvalekkers en oranje vingers en plastiekbekers met aangemaakte koeldranksap en Disney-karakters helderkleurig teen die kant.
- Geluk, jongeling! Mag jy vandag 'n versuikerde koppie tee drink en terugteug aan soete herinneringe op lendelam dankies in 'n ruimte vol gras tussen Jakarandas en fyn blaartjies wat sag neerstof oor 'n samesyn van gedagtes en glimlagte skeef soos 'n fiets in 'n boom wat skuins oor jou kop hang vandag op jou verjaarsdag.
- Hi, baie geluk – geniet jou dag en jaar; mag jy nooit in 'n toring toegesluit word om goud uit hooi hoef te spin nie! Of indien wel, mag jou swart ballonne vol van helium wees om jou sag uit 'n venster grond toe te laat sweef.
- Geluk! Mag jy sag grys word soos Anakin-Tigger, gereeld boomklim en oopmond staar na die sterre wat flonkerend knipoog al die pad 40 toe :)
- ôg, mag jy hang in die lug, gekruis in 'n lotus en blom van geluk!
- ôg, waar ons weer sit onder die vallende stuifmeel/blare van die jakarandabome met oorsoet tee - dáár waar wêrelde se politiek gepraat is, afgewissel met grappe oor hamsters ... of nee vroeër: in die gang van Bacchus in 'n gedeelde week... tóé was ons jonk. Nou, met jare wat afmeet en idealisme wat kwyn; werk wat daagliks bewerk word... nóú raak ons ouer, die jare plooi om ons hoofde, op ons lyf ... maar mag jy wyser wees en wyser raak elke dag in die jaar wat vorentoe ontplooi - afgemete wéét hoe om ouer te word, steeds jonk te bly en die lewe te geniet. (Oftewel, geluk ou maat, jy moet lekker verjaar!)
- Lekker verjaar - mag jou geluk sag smelt soos Lindt 99% op die tong.
- Geluk; lekker jaar vorentoe! Gryp dit vas soos 'n hokkiestok en pot die jaar met 'n klinkende slag in 'n briljante boog oor die bun se gras. Mag jou jaar so vrugbaar wees soos Ceres in die somer.
- Baie geluk; hoop jy het 'n heerlike dag met vars rogbrood en bulgaarse joghurt, vrugte en borrelende vonkelsap. Geniet dit – en lekker jaar vorentoe!
- Veels geluk, mater, hoop jy voer diepere diskussies oral waar jy wandel en bou huise in klip en klei.
- Baie geluk, melkmeisie-juffrou! Hoop al die somme op die swartbord tel vandag op en elke kind bring jou 'n blom en 'n mooi rooi appel! Geniet jou dag!
- Geniet jou verjaarsdag: mag dit soos 'n piccolo-D uitstyg bo die orkestrale dan en wanklanke. Oftewel geluk!
- ... waar jy sit op die stoep met die see, soos 'n wederfee Viljee, salig afgetree, mag die kolliehonde êrens anders loop blaf en tjank en die leerders ver-weg skree; waar jy sit met seesterre (seer stêrre) en oesters vol pêrels op jou stoep met die see en 'n idee wat kom en gaan soos die gety en die waan en saam-saam lag vir die prag van die boepensmaan op dié verjaarsnag wat sag soos 'n kniekombers om jou vou vanaand op dié dag van gouerword (soos die oranje son wat 'n lemoen met die vuis gegryp het en lugtig hang, vredig soos 'n bol wol) waar jy sit op die stoep met die see in elke sintuig en die lug 'n waterverf op 'n klam doek, waar jy sit op die stoep met die see, vir eers tevrede soos 'n seemeeu op die rug van die wind, en teug aan 'n koppie earl grey tee, met laventelpatrone op die koppies, soos die kleur van die lug, waar jy sit op die stoep met die see ...

(André Müller)

## 2.15 PRYSLIED

'n Pryslied het **nie 'n vaste vorm** nie, maar dit besit wel die volgende **kenmerke**:

- Dit is **biografies** van aard – beskryf dus die lewe van die persoon wat geprys word.
- Die persoon **se geaardheid en persoonlike fisiese eienskappe** word opgenoem – 'n portret van die persoon word as't ware opgehang vir die gehoor.
- Gewoonlik word die pryslied op 'n besondere geleentheid aan die persoon opgedra.
- Soms is daar die pryssanger se **herinneringe, soms improvisasie of assosiasies**.
- **Eiename** maak die strukturele kern van 'n pryslied uit, amper soos 'n geslagsregister of name van mense wat die persoon voorgegaan het.
- Kenmerkend is dat daar '**n refrein** is – iets belangriks word gedurig herhaal.
- Die luisteraars word opgeroep om deel te neem aan die pryssang.
- Soms word 'n bekende **volksverhaal (mite of legende) of bekende uitdrukkings geïntegreer** in die pryslied.
- Die lied het 'n **aanhef** waarin die persoon bekendgestel word, dikwels in die vorm van 'n **vergelyking of metafoor**.

**Voorbeeld:**

**pryslied (vir Madiba)**

in die sandkliphart
vandag
staan hy
kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
houtskool en as is sy hare
hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
uNosekeni die ma van Mandela
hy, die man met die vlesige palmkussings
hier staan hy
 uit die gevestigde familie van uNgubengcuka
die seun van Dalindyebo
die seun van Mandela
hy van die rivieroewers by iNqunu
heelmaker uit die Thembu-stam
'n klein swart ster priem sy bolip
ons prys hom
hy wat nie lag nie en nie huil nie
eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
die swart pimpernel
hy wat nie lag nie en ook nie huil nie
hier staan hy dan nou voor ons
Nelson Rolihlahla Mandela
getrokke tak van lank gelede
die sleepsel van sy blare lê wyd
legendaries is hy – opspoorder van harte
hy maak die pante bymekaar
van 'n verskeurde land
hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
hy, heelmaker van mense
hy stig vrede
vrede, wat die ma is van groot nasies

(Antjie Krog, 1994)

## 2.16 VRYE VERS (ook genoem prosavers en praatpoësie)

Wanneer ‘n gedig nie ‘n spesifieke dissipline soos ‘n vaste rymskema, versreëllengte of strofebou het nie, word dit vrye vers genoem. Daar kan selfs afgewyk word van die gewone toepassing van hoofletters, leestekens en sinskonstruksie. So ‘n gedig moet egter ander bindende elemente bevat, byvoorbeeld herhaling van klanke, woorde, beelde, gedagtes of versreëls.

Dit gebeur selfs dat postmoderne digters hierdie soort gedig gebruik om vertellende prosa in versvorm te giet, met die wit tipografie van die bladsy en enjambemente om dit na gedigte te laat lyk/voel/klink. Breyten Breytenbach is bekend vir sy praatpoësie.

Hierdie soort gedigte kan maklik vorm mis, en “die wanbegrip dat die vrye vers sommer kan aanbeweeg sonder enige inherente spanning of interne skakels, skep die indruk van verse sonder vormtug. Die vrye vers behoort net deur ‘n geoefende digter geskryf te word. Dit is immers, soos Robert Frost opgemerk het, soos om tennis te speel sonder ‘n net.” (digter en letterkundige Joan Hambidge).

Die bekroonde digter Danie Marais het ’n ander mening oor vrye vers:

“Die digkuns laat hom, net soos skoonheid, nie netjies definieer nie, maar miskien is die mees beduidende formele verskil tussen prosa en poësie enjambement, soos Giorgio Agamben sê. Die ware toets is egter myns insiens ’n subjektiewe, praktiese een, want as jy kragtige poësie gelees het, weet jy dit. Daar is, in die woorde van Owen Barfield, ’n “gevoelde verandering in bewussyn”, ’n diep resonansie. Wanneer ’n verhalende of anekdotiese gedig daarin slaag om ’n reël, ’n beeld of ’n paar gewone woorde so te raam dat dit begin galm en spook in die binneste van die leser, is dit poësie.”

**Voorbeelde:**

| | |
|---|---|
| **HANSIE EN GRIETJIE**<br>daar was eendag ’n woud<br>aan die kant van die son,<br>die maan is ’n flou olielamp,<br>saans brand honderde kersies,<br>die volgende môre word die kindertjies<br>afgelaai by die heks se huisie<br>hulle huil tot vanaand<br>na-vyf, na-werk kom die<br>stiefmammies en -pappies hulle haal<br>met ’n ysterswaan<br>die nuutste model blaas rook<br>en jaag oor riviere teer<br>tot by kelders parkering<br>dan word hulle opgehys<br>gebad en gevoer in ’n hok<br>moet hulle soet gaan slaap<br>eennag het hansie en grietjie<br>weggeloop, bo-oor die tralies geklim<br>en fyn en flenters geval<br>op die paadjies sement<br>ver van die huis af<br><br>(Eveleen Castelyn) | **met ’n bossie bergblomme**<br><br>nederige blomme van ’n vreemde berg<br>vir jou verjaarsdag<br>sodat jy berghelder kan lag<br>en jou hande kan klap by die venster<br><br>pers blomme — die angeliere van dwerge -<br>om ons huis se skaduwees te terg,<br>skurwe klein kelkies van kyk<br>wat die wind en die vog in hul dra<br><br>hulle brand net vir jou<br>want jy is mos jarig,<br>hulle geur net vir jou<br>hulle berge soet geur<br><br>*oeillets du poète*: klein oë van die digter,<br>en as jy lank genoeg daarín kan kyk<br>sal hulle nog dieper en vuriger blom, verryk<br>tot die vlerke waarmee jy óór skaduwees gaan vlieg<br>na die vreemde berge deur die venster<br><br>(breyten breytenbach) |
| ‘n Gedig na aanleiding van Christopher Reeve (“Superman”) se dood. | |

| | |
|---|---|
| **Reeve**<br>Ek het die perd leer ken as Vronsky:<br>vier hoewe, vaart en Anna.<br>En hy het my gegooi, ’n swarte,<br>af aarde toe. Déúr swaartekrag.<br>En nog word ek gedryf: vier wiele, battery<br>en droom. Wat kan my keer – miskien die<br>stoom<br>(Petra Müller) | |

## 2.17 VORMVERSE

‘n Vormvers is ’n soort gedig wat ’n objek beskryf en dit is gevorm in dieselfde vorm as die objek wat dit beskryf. Tipografiese wit speel ’n belangrike rol in hierdie verse.

**Voorbeelde van vormverse:**





*Figuur 3:* Visualisering van die vorm van die gedig "jammer"



*Figuur 1:* Döhl, Reinhard "Apfel" (Gomringer 1973:38).


Ek se liefde, maar wanneer is.......................... liefde, liefde? En wat is liefde dan?
Wat is liefde? Teruggekoopte waardigheid?............... Eensgesinde sinchronisasie? Bewondering?
’n Gevoel van aanvaarding? Simpatie? Menslike ....natuur? Verbaasing? Een woord van waardering? Illusie?
s dit verstaan? Chemie? ’n Sin van behoort? Of Veiligheid? Is dit wellus? Verlange? Of drome? Vriendskap
Is dit ’n vlinder gevoel in die maag? Skielike opwinding? ’n Gevul? ’n Gevoel van voltooi?Om saam te kan lag?
Uitreiking? ’n end tot kommer? ’n helende aanraking? ’n metgesel vir eensame dae of miskien nagte?
Is dit ’n glimlag? Is dit passie? Is dit ’n gemis ? Is dit wanhoop? Is dit vermomde deernis?
Hande vashou? ’n Brandende begeerte? ’n Betowering? Magie? Of empatie?
Die buite wereld slegs ’n spieelbeeld van wat alreeds binne-in jou is
Wees eers lief vir jouself voordat jy ooit in staat
kan wees om ander mense lief te he
Wees vir jouself
lief
le
2009


*landskap*

o Here wolkies die maan

ons huis kerk paul sauerstraat die pad na die dam
skool poskantoor pad
mm daai huis pad
pad
spoorwegwerf motorhek
pad
pad
dam: die dun lyk
van Kosie April

Voorbeelde om die gebruik van **tipografiese wit** te beklemtoon:

| **SAFARI** | **SEFAPANO** |
|---|---|
| Niks<br>staan<br>stil —<br>alles<br>kry<br>voete,<br>beweeg<br>in<br>lang<br>stoete:<br>Grassteeltjies,<br>kosyne,<br>stede<br>en<br>treine;<br>oor<br>Sahara's<br>en<br>savannes<br>die<br>optog<br>van<br>alle<br>paaie<br>oor<br>die<br>wêreldrond<br>na<br>die<br>gaatjie<br>in<br>die<br>grond<br>O<br><br>(DJ Opperman) | Kruis<br>na die<br>opslaan<br>ons oë<br>waarheen ons<br>op die berg<br>*ditapole*<br>mekopu<br>poone<br>*dikgoho*<br>dipodi<br>dipere<br>*dikgomo*<br>vir reën<br>gaan bid<br>sing<br>met 'n stok<br>agter die moruti<br>werksklere<br>mans in<br>komberse<br>vroue met kopdoek<br>stofbesaai<br>deur die suurveld<br>beweeg<br>begin die stoet<br>kom hulle bymekaar<br>van Hlomisa<br>aan die voet<br><br>LW:Hoeveel van u het dalk dadelik gesnap dat dié gedig van onder na bo gelees moet word en dat die sig-sag-tipografie die bewegende swart pelgrims voorstel?<br><br>(Bron: http://www.oulitnet.co.za/poesie/09henning.asp) |

## 2.18 Ballade

In die **Middeleeue** het minnesangers rondgereis en ballades gesing. Dit is dus ’n lied met vaste rym en ritme. Ook is daar gewoonlik ’n refrein.

Hoewel die Franse en Engelse ballades ’n ingewikkelde struktuur het, kan leerders doodgewoon ’n storie in **vaste rym en ritme** skryf en sorg dat daar ’n **refrein** is.

Die voorbeelde is bekende gedigte in die Afrikaanse letterkunde en is baie lank. Leerders se ballades hoef natuurlik nie so lank te wees nie.

**Voorbeelde:**

| **Gister is 'n ver land (ballade vir Mary-May)** | **Ballade van ‘n koningsdogter** |
|---|---|
| Vér in die verre verlede<br>op 'n dag in 1910<br>het die mooiste kleine baba<br>haar eerste lewenslig gesien<br>en wyl sy wieg in moedersarms<br>was haar pa so trots en bly<br>hy sing vir haar 'n lullaby<br>en hul noem haar, Mary-May.<br><br>In die herfs van 1930<br>stap Mary langs die strand<br>en ontmoet toe daar 'n jong man<br>van 'n ver en vreemde land.<br>'n Ring met diamante<br>het sy kort voor lank gekry<br>en hy vra haar om te trou<br>want hy was lief vir Mary-May.<br><br>Die dag toe hul kom groet<br>het haar ma se hart gebreek<br>hul sou haar nooit weer sien nie<br>dit het sy goed geweet.<br>Haar pa was byna woordeloos<br>daar't 'n traan oor sy wang gegly<br>maar hy sing vir haar 'n lullaby<br>en sê "vaarwel, my Mary-May."<br><br>Veel jare het verby gegaan<br>voor haar beeld begin vervaag.<br>Hy koop 'n klompie planke ~<br>en toe begin die ou man saag.<br>Hy bou vir hom 'n skuitjie<br>wat deur seewaters kan sny<br>maar die bootjie moes 'n naam hê<br>en hy doop haar, Mary-May.<br><br>Maar nimmer kon hy vrede vind<br>wyl hy oor blou, blou waters staar<br>tot anderkant die horison ~<br>en dink aan lande ver van daar.<br>Dan droom hy van 'n groot skip | O bly het die koning se lippe gelag<br>En hoog het bokale geswaai<br>Kom ledig die beker se vonk’lende prag<br>En bring hier my dogter so fraai<br><br>Met ‘n fa, la, falalala en die sang van ‘n silwer basuin<br>Het die koning se bode die lelie gaan haal<br>Wat pryk in die koning se tuin<br><br>O bly het die koning se dogter gespeel<br>Die mooiste blom in die tuin<br>Toe hoor sy ‘n stem wat nog liefliker streel<br>As die sang van ‘n silwer basuin<br><br>Met ‘n fa, la, falalala en die oë so sag en so bruin<br>Het die koning se bode die lelie gaan haal<br>Wat pryk in die koning se tuin<br><br>“Die koning laat vra of sy dogter sal kom<br>Sy Majesteit vier fees<br>En soeter nog is die wyn vir hom<br>As sy dogter daar kan wees”<br><br>Met ‘n tra, la, tralalala<br>En die gloed van sy stem in haar hart<br>Het die koning se dogter<br>Die bode gevolg en vry was sy van smart<br><br>En teer het die oë wat haar verbly<br>Die lelie aangekyk:<br>Sy was die bloeisel so rein en hy -<br>Die stingel in die slyk<br><br>Met ‘n tra, la, tralalala<br>En die gloed van sy stem in haar hart<br>Het die koning se dogter haar minnaar gevolg<br>En vry was sy van smart<br><br>En gou het die koning opgespring<br>Om sy dogter te begroet |

wat haar terug bring om te bly
en hy neurie weer 'n lullaby
vir sy mooiste, Mary-May

O, hoe onverwags die stormsee
en dat sy skuit hom só moes faal.
Hoe hy ookal spook en spartel
die strand kon hy nooit haal.
Met nuwe dag se eerste lig
het 'n sonstraal haar gekry
waar die wind suis soos 'n lullaby
alom die wrak van Mary-May.

Oor die see sweef soms 'n droewe stem
soos van 'n siel met seer belas.
Party sal sê dis net 'n meeu
wat sy eensaamheid so kras,
maar ieder wat die storie ken
wis ~ dis die ou man wat so ly
en hy sing nog steeds 'n lullaby
vir sy liefkind, Mary-May

(C. Shaw)

(Bron: http://www.woes.co.za)

En die prinses na die troon te bring
Met die bode aan haar voet

Met 'n ra, ta, ratatata
En die swaai van 'n rooi banier
Het 'n hoë besoeker daar aangekom
Om met hul fees te vier

Trots het die koning opgestaan
En almal luister nou:
O, howelinge hoor my aan
Die Blom van my huis gaan trou!

Met 'n ra, ta, ratatata
En die swaai van 'n rooi banier
Het die hoë besoeker uitgetree
O Koning ek is hier!

En bleek het die koning se dogter geword
En wild was haar oë nou
My laaste druppel bloed sal ek stort
Eer ek met die ridder trou!

Met 'n fa, la falalala
En die sang van 'n silwer basuin
Het die koning se bode gaan staan by sy blom
Gepluk uit die koning se tuin

O wreed het die koning se oë gevlam
En hoog het sy sabel geblink
Soos die kruin van 'n wilker, gesny van sy stam
Het die bode neergesink

Met 'n tra, la, tralalala
En 'n kilte wat kruip oor haar hart
Het die koning se dogter gesing en gelag
Gesing en gelag
Met die singende stem van die smart

**Woorde en Musiek:** I.D.du Plessis/ Laurika Rauch

(Bron: http://www.laurikarauch.com/liedjies-en-lirieke/)

**Die ruiter van Skimmelperdpan**

Op die pad wat verdyn in die Skimmelperdpan,
    by 'n draai in die mond van die kloof,
het 'n bom in die oorlog 'n vlugtende man
    op 'n perd soos 'n swaardslag onthoof.

Aand die saalboom krampagtig die hande verstyf,
    met 'n laaste stuiptrekkende krag,
en die bene geklem soos 'n skroef om sy lyf,

**Op die pad na Nooitgedacht**

Op 'n donker aand, diep in Juliemaand,
op die pad na Nooitgedacht,
waar drie rotse staan teen die sekelmaan,
het ek lank gewag die nag,
het ek lank gewag die nag.
Want 'n skurk vanouds het 'n sak vol goud
daar begrawe langs die pad
en elke donker aand, met die sekelmaan,

op die perd sit die grusame vrag.

Met sy neusgate wyd en die ore op sy nek,
soos die wind yl verbysterd die dier,
met die skuim in wit vlokke wat waai uit sy bek,
en gespan soos ’n draad elke spier;

by die huisie verby waar ’n vrou staan en kyk …
in die afkopding ken sy haar man …
met ’n onaardse gil val sy bleek soos ’n lyk …
perd en ruiter verdwyn in die Pan!

Wee die reisiger wat daar onwetend kom skuil
waar bouvallig die huisie nog staan,
en vreesagtig by wyle ’n nagdiertjie huil
by die newelige lig van die maan!

Want by middernag waai daar ’n wind deu rdie kloof,
waai en huil soos ’n kindjie wat kerm,
en dan jaag daar ’n perd met ’n man sonder hoof …
wie dit sien, roep verskrik: “Heer, ontferm!”

Want die vuurvonke spat waar die hoefslae dreun,
en dit vlam uit sy neus en sy oog;
styf en stram sit die ruiter na vore geleun,
en die bloed uit sy nek spuit ’n boog;

en dan eensklaps vanuit die vervalle gebou
kom ’n vreeslike skrikbeeld gevaar,
al die hare orent – ’n waansinnige vrou
met ’n hande-verwringend gebaar:

*“Waarom rus jy nie, rus jy nie, Jan van der Meer?*
*Waarom jaag jy my elke nag op?*
*Sal daar nimmer ’n einde kom … altyd maar weer*
*die galop … die galop … die galop?”*

Die afgryslike klank – nóg gehuil nóg gelag –
en die perd met die romp van ’n man …!
Dis geen plek vir ’n Christenmens daar in die nag
langs die pad na Skimmelperdpan!

(AG Visser)

kom hy terug en soek sy skat,
kom hy terug en soek sy skat.

In die verte hoor ek vier hoewe,
soos ’n hartpols diep in die nag.
Dis of die duiwel hom jaag
want die maan sit al laag
op die pad na Nooitgedacht.
Dis of die duiwel hom jaag
want die maan sit al laag
op die pad na Nooitgedacht.

By die Spookklippe naby Nooitgedacht,
so’t die mense my vertel,
kan geen man dit waag op ’n donker nag –
hy begeef hom in die hel,
hy begeef hom in die hel.
Maar ek het vasgestaan en gesê ek gaan
man-alleen een donker nag.
Ek't my self gestaal en my perd laat haal,
maar ek het so iets nooit verwag,
ek het so iets nooit verwag.

Want die vuurvonke spat uit sy hoewe
en tien vlamtonge speel in die nag
en die ruiter lê plat,
want sy perd ken die pad
na die skat van Nooitgedacht.
En die ruiter lê plat,
want sy perd ken die pad
na die skat van Nooitgedacht.

Ek het te veel gesien en ek dog miskien
is die beste plek die huis.
Want ek ken gevaar, maar ek trap onklaar
en ek wens ek was al tuis,
en ek wens ek was al tuis.
Maar die huis is ver en die môrester
hang spookagtig oor die veld.
Dis geen plek vir my; ek wil liewer ry –
gee die kêrel maar sy geld,
gee die kêrel maar sy geld.

Maar die hoefslae dreun in my ore
en n skim skiet stil uit sy saal;
en die vuurvonke spat soos hy grou langs die pad,
want hy kom om sy skatte te haal.
Maar die burgers gun hom geen rus nie;
soos ’n veldbrand kom hulle aan.
En die Mauser-vuur dreun en looddruppels reën –
en ek dog die einde breek aan.

Maar twee kole gloei in sy oë;

| | |
|---|---|
| | met een haal is hy weer in die saal,<br>en sy perd ploeg die lug in sy ylingse vlug,<br>want hy weet die dood kom hom haal,<br>en sy perd ploeg die lug in sy ylingse vlug,<br>want hy weet die dood kom hom haal,<br>want hy weet die dood kom hom haal.<br><br>Op ’n donker aand diep in Juliemaand,<br>op die pad na Nooitgedacht,<br>waar drie rotse staan teen die sekelmaan,<br>het ek lank bly lê die nag,<br>het ek lank bly lê die nag.<br>En ek weet geeneen sal my glo nie.<br>Dit klink alles so gek in die dag.<br>Maar wees elkeen wat lag<br>een maal daar in die nag<br>op die pad na Nooitgedacht.<br><br>Maar wees elkeen wat lag<br>een maal daar in die nag<br>op die pad na Nooitgedacht.<br><br>(Koos du Plessis) |